Sing vooraf: Psalm 20:1, 2, 5 (p. 90)

1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!

2 Mag Hy sy heil en bystand stuur / uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun, / van waar u hulp sal kom.

5 Ons wil oor u oorwinning juig – / die vaandels jubel mee!
Ons loof die Naam van onse God. / Mag Hy u wens u gee!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1 (p. 243)

1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Ps. 51:4 (p. 261).

Wet

Psalm 51:4 (p. 261)

4 Net soos die lyder, van melaatsheid vry, /verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande — / ontsondig, HEER, ontsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet / en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Laat die gebeent' wat U verbrysel het, / weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Skrifberyming 18-1:1, 4 (9:1, 4)

1 Toe staar ek deur die wêreldnagte / – lighoogtes het my oog geboei –,
en 'k sien uit alle mensgeslagte / 'n skaar, ontelbaar, saamgevloei.
Hul staan, uit alle volke en lande, / nou voor die Lam en voor Gods troon,
die vredespalmtak in die hande, / hul wit gewaad in eenvoud skoon.

4 Ek sien toe weer in hemelsfere / die skaar wat ligtend voor God staan.
Hul was bekleed met lang wit klere: / maar wie is hul, en waarvandaan?
Toe kom by my gesigsverrukking / 'n stem my ruisend tegemoet:
"Die skaar kom uit die groot verdrukking, / gereinig in die Lam se bloed.

Skriflesing: Openbaring 6

Teks: Openbaring 6:7, 8

> **En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was ’n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.** (Openbaring 6: 7, 8 AFR1953)

Teen die oorwinning van Jesus Christus kon niemand en geen mag bly staan nie. Die Here Jesus het alle magte verslaan en sy oordeel voltrek.

Hoe lyk die vierde lewende wese?

> **. . . en die vierde lewende wese was soos ’n arend wat vlieg.**
> (Openbaring 4:7 AFR1953)

Hy gee die bevel in die Naam van die Lam dat die vierde perd te voorskyn moet kom.

Die kleur van hierdie perd is lelik.

- Die letterlike betekenis van die woord is *geelagtig, geelgroen.*
- In Afrikaans vertaal ons die kleur met *vaal*.
- Die derde agterryer is die vaal perd en sy ruiter.

Saam met die rooi en swart perde dreun daar dus nog ’n perd se hoefslae wat die oorwinning van die Here Jesus Christus proklameer.

- Hulle sleep die dood en die doderyk met hulle saam.
- Hulle doen nie veel anders as die rooi en die swart perd nie,
    - want hulle maak ook dood met die swaard - soos die rooi perd en sy ruiter.
    - Verder veroorsaak die vaal perd en sy ruiter ook hongersnood - soos die swart perd en sy ruiter.

Vir die eerste keer is daar ’n redelik volledige beskrywing van die ruiter van die perd.

- Hy sit op die perd en hy het ’n naam!
- Sy naam is **die dood**.
    - Die feit dat hy so ’n verskriklike naam het, beteken dat hierdie ruiter op ’n ontroerende en ontstellende manier dood en ellendes gaan bewerk.
    - Die dood wat bewerk gaan word, is ook baie omvangryk.
    - Hy laat verwoesting en grafte agter oor ’n kwart van die aarde! Dink aan die miljoene der miljoene mense wat dood agter hierdie ruiter oor die aarde rondlê.

Hy maak dood op verskillende maniere:

- Hy maak dood deur die swaard – dit beteken dat hy doodmaak met oorlog, gevegte, rusies en twis.
- Maar hy maak ook dood met honger – dit is deur honger, uitputting en ellendes.
- Hy gaan dinge soos misoeste en swak markpryse (te hoog en te laag!) en besighede wat ondergaan en nie inkomste oplewer nie, gebruik om te maak dat daar nie kos op die tafel is nie.

Hulle dra dus die geweld van oorlog en om te sterf van honger nog ’n slag verder.

- Maar daar is tog ook iets nuuts by, wat die verskrikking nog groter maak.
    - Daar kom pessiektes by.
    - En saam daarmee die geweld van roofdiere op die aarde wat toeslaan op die mense.

- Hierdie perd en sy ruiter trek die donker kombers van die dood oor die aarde toe.
- Hulle proklameer duidelik dat alles verby is.

Al hierdie dinge dra egter daartoe by dat die evangelie uiteindelik sy oorwinningstog tot op die finale oorwinning kan uitvoer.

Hoe? Die antwoord is redelik eenvoudig:

- Al hierdie slegte dinge wat oor die hele aarde gebeur, gryp die harte van die mensdom aan.
- Hulle kom op ’n punt waar ’n groot vrees en benoudheid op hulle toesak oor al die ellendes wat met hulle en rondom hulle gebeur.
- Dit laat hulle besef dat al die strukture en kennis wat die mensdom uitgewerk en opgebou het, geen uitkoms gee nie.
- Dit is dan wanneer hulle die punt bereik waar hulle die Here se genade aangryp.
    - Hierdie genade leer hulle ken uit die verkondiging van die evangelie – dit wat deur die Ruiter op die wit perd gedoen word!

Natuurlik kom hierdie bekering nie by almal voor nie! Soms is die uitwerking van swaarkry presies die teenoorgestelde! Dink hier maar aan Jesaja 8:21-22:

> **Dan sal hulle deur die land trek, beswaard en honger; en as hulle honger het, sal hulle in toorn uitbreek en hulle koning en hulle God vloek; dan sal hulle na bo kyk, ook die aarde aanskou, en kyk, daar sal benoudheid en duisternis wees! In jammernag en donkerheid is hulle gedrywe.** (Jesaja 8:21-22 AFR1953)

Maar vir die mense – dié vir wie dit saak maak (die uitverkorenes) – gebeur die dinge reg:

> **omdat hulle wederstrewig was teen die woorde van God en die raad van die Allerhoogste verwerp het, het Hy hulle hart deur moeite verneder; hulle het gestruikel, en daar was geen helper nie. Toe het hulle die HERE aangeroep in hul benoudheid; uit hul angste het Hy hulle verlos.** (Psalm 107:11-13 AFR1953)

Die Bybel maak dit duidelik dat druk en lyding die gelowige tot geloof en gehoorsaamheid beweeg:

> **Hulle hart is ongevoelig soos vet; maar ék verlustig my in u wet. Dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek u insettinge sou leer.** (Psalm 119:70-71 AFR1953)

Al die verskillende perde maak dit duidelik dat die verkondiging van die evangelie op verskillende terreine teenstand gaan kry deur die verloop van die geskiedenis. Die evangelie veroorsaak ook juis allerhande struweling en oorloë.

- Die ongelowiges gaan die Here verwerp oor al die lyding –
- terwyl die gelowiges juis daardeur in die kring van God se genade-lig inskuif.

Oral waar die evangelie van die Lam teëgestaan of verwerp word, daar kom die Here met oordele.

- Die oordele is gedeeltelik al die straf op diegene wat nie tot bekering wil kom as hulle die evangelie hoor nie.
- Andersyds is die strawwe van die Here inderdaad die middele wat die wat die ware evangelie aanneem, tot bekering bring.

Ons troos word juis deur die Here Jesus daarin geopenbaar dat die wit perd eerste verskyn. Die Here Jesus word geopenbaar as die ewige Oorwinnaar selfs nog voordat die oorlog rondom die kruis gebeur het.

Sy genade is vasgelê daarin dat die geweld wat op drie verskillende vlakke losbreek oor die hele

skepping, as gevolg van die oorwinning van die Lam, steeds nie die dreuning van die wit perd se hoewe stilmaak nie.

Wanneer die ander drie perde nie meer op die aarde en deur die geskiedenis dreun nie, laat die Here ons onsself sien waar ons saam met die Oorwinnaar oor die Nuwe Aarde galop:

> **Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ’n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.** (Openbaring 19:11 AFR1953)
>
> **En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.** (Openbaring 19:14 AFR1953)

Al die ander magte se vermoëns het uitgewoed – maar die almag van ons Here Jesus het ons by Hom versamel om Hom tot in ewigheid te volg met klere van reinheid en oorwinning aan.

Mag ons Here Jesus gou kom!

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 7-1:1, 2 (31:1, 2)

1 Toe sien ek teen die bloue vert’ / ’n ruiter op sy haelwit perd; / en ’t was om Hom stormagtig,
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos ’n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte∩oorwinning.
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held’re selfbesinning.

2 Die kleed vol bloed vertel sy roem. / Die Naam waarmee sy volk Hom noem,
is “Woord van God”. ’n Skare / van ruiters volg Hom op die voet,
hul nader soos ’n watervloed, / soos bruising van die bare.
’n Hemelleër, skitterwit, / hul is dit wat in streng gelid / saam met Hom uitgetrek het.
En uit sy mond het uitgegaan / ’n swaard waarmee Hy nasies slaan / wat, trots sy toorn gewek het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 Mei 2009

Vier Ruiters

die Lam se perd steier glansend wit,
hy byt sy stang tot helder toue skuim
met krag en drang dra hy
deur tyd en ewigheid
die Oorwinnaar en sy boog

die tweede perd slaan
in die oneindigheid sy hoef
teen volke dawer wyd
slae van sy draf-galop
die slagveld om hom steier
in skuim van bloed –
die rooi perd trap waar lewe was

die derde perd se oog –
met elke tree – kyk haat
vlymskerp flits sy swaard
skaalbakke swaai onrustig onegaal
op die swart perd meet sy ruiter
woekerwins en prysbeheer
oor mens en gunsgenoot
word dood gerantsoeneer

doodsvaal snork en snuif die laaste perd
hy beur teen styfgeremde teuels
sy neus se vleuels sper wild
sy pote trippel stof,
graf, hongersnood en pes
op die saalklap sit die dood

in grys verskiet hardloop steeds
die haelwit perd
op ysterhoewe dreun
’n eindelose leër
oor angs en pyn en seer
oorwinnaars in die Heer